



Knoop die gare

Inleiding

As jy tyd en geleentheid neem om naaldwerk te doen, is die ergste wat kan gebeur dat jou gare gaan uittrek en jou met 'n gat in jou werk agterlaat.

Dit is dus belangrik om seker te maak dat dit nie gebeur waar jy begin en eindig met die werk nie. As jy 'n goeie knopie maak aan die begin en einde van waar jy werk, sal die steke stewig hou.

Hoe gaan jy dit doen?

Vandag stel ons 'n nuwe stuk gereedskap bekend om in jou gereedskapskatkis te bêre. Dit is 'n borduurraam. Hierdie raam trek die lap waarop jy werk, lekker styf sodat jy maklik daarop werk en jou steke reguit en reelmatig is. Dit hou ook die projek plat sodat dit nie om die steke optrek nie.

Jy gaan ook die gare in die naald inryg en met 'n skuifknoop vasmaak en leer hoe om 'n kwiltersknopie aan die einde van die gare te maak voordat jy begin.

Jy gaan dan die lap span in die borduurraam, en 'n vilt hartjie vasappliek met 'n lopende steek. Aan die einde gaan jy afeindig met 'n Franse knoop.

Klink dit ingewikkeld? Nee man! Kom ons doen dit!

Wat het jy nodig?

'n Plek om te werk

Vir vandag se projek het jy 'n plek nodig waar jy kan werk sonder onderbreking vir omtrent 'n uur.

- Tafel,
- Stoel, hoog genoeg om gemaklik by die tafel op te sit
- Genoeg lig om goed te sien wat jy doen
- Snippermandjie vir afvalstukkies lap en papier,

Gereedskap

Jy gaan die volgende gebruik:



Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y
 © Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za



- Jou gereedskapskatkissie met naaldwerk gereedskap
- 'n Stiffie appliekgom of ander skoolgom (soos Pritt)
- 'n Borduurnaald (Embroidery size 8)
- 'n Klein borduurraam, nie groter as 15cm in deursnit
- 'n Vingerhoed
- 'n Potlood

Benodighede

Jy gaan die volgende nodig kry:

- 'n Stukkie ongebleikte of growwe linne, 20cm x 20cm. Dit is die agtergrond of basis lap.
- Een stuk gekleurde velt. 10cm x 10cm.
- Dubbel draad borduurgare in 'n teenstellende of kontrasterende kleur.
- 'n Stukkie papier – voorafgebruikte papier of papier uit 'n ou tydskrif
- Maskeer band (Masking tape)

'n Bietjie pret

So maak jy 'n kwiltersknopie

Wanneer jy die eerste keer iemand 'n kwiltersknopie sien maak, lyk dit soos 'n kulkuns toertjie as die klein netjiese knopie aan die einde van die gare verskyn. Dit is egter eenvoudig en spaar baie tyd wanneer jy naaldwerk doen.

So word dit gedoen:

1. Ryg jou naald met 'n dubbel draad borduurgare en knoop dit met 'n skuifknopie vas aan die naald soos jy in die vorige les geleer het
2. Maak nou die knopie as volg: Hou die naald in jou regter (dominante) hand tussen jou duim en voorvinger sodat die punt uitsteek soos 'n swaard.
3. Neem die punt van die gare in jou ander hand sodat die twee punte na mekaar toe wys soos in 'n swaardgeveg.



4. Lê die gare van die naald in die vorm van 'n kruis oor die naald en knyp dit vas met jou regterduim (dominante hand se duim)

Woordeboek

*Dit is tyd om 'n nuwe woord te leer. Jy gaan vandag appliekwerk doen. Die woord appliek kom van die Franse woord **appliqué** – Dit beteken ordamentele borduurwerk waar stukkies lap aanmekaar gewerk of geplak word om prentjies of patrone te vorm.*





Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y

© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za





5. Terwyl jou regterhand die gare en naald vashou, draai die gare drie maal om die punt van die naald. Hou hierdie drie draaie ook stewig vas met jou regterduim. Trek nou die punt van die naald deur met jou linker hand terwyl jy nog vas hou aan die opgedraaide gare.



6. Aan die einde van die gare vorm daar nou 'n stewige plat knopie. Oefen dit 'n paar keer en jy sal sien dat dit sommer tweede natuur word terwyl jy naaldwerk doen. Mooi so!
7. Onthou om jou naald weer versigtig te bêre in die naaldboekie of speldekussing. Jy gaan dit net-nou weer gebruik.



Nou gaan ons met jou nuwe speelding in die naaldwerkskatkissie speel.

Borduurrame word al vir honderde jare gebruik. Borduurrame is gewoonlik nie baie duur nie en kom in verskillende groottes. Rame kan van hout, bamboes, plastiek, metaal of a kombinasie van hierdie stowwe gemaak word. Die binneste ring is rond en stewig. Die buitering is buigbaar en het 'n skroefie om dit kleiner te maak wanneer die lap styfgetrek word. Party van die nuwerwedse rame werk met 'n veermeganisme.

Vandag gaan jy met 'n klein borduurraam werk van ongeveer 15cm in deursnit.



Ek draai gewoonlik maskeerband om die binneste ring van 'n bamboesborduurraam sodat die lap beter vasdraai op die growwer oppervlakte. Jy kan dan die lap so styf soos 'n drom daarvoor vasmaak. Dit is maklik om mooi stekies te maak op so 'n stywe drom en hou jou werk mooi plat en glad.

Om die middle van die lap te kry, kan jy dit in kwarte vou sodat jy dit min of meer in die middle van die binnering kan lê. Maak seker dat die lap aan alle kante eweredig oor die ring pas.



Plaas nou die buitering oor die lap sodat die skroefgedeelte, sou dit 'n horlosie wees, op 10 voor staan. In hierdie posisie sal die gare die minste geleentheid hê om daaraan verstrengel te raak wanneer jy werk. Druk die buitenste ring oor die binnering en draai die skroefie vas om dit in posisie te hou. Kyk na die geweefde draaitjies op die lap. Is hulle reguit? As hulle nie is nie, moet jy liewers weer probeer anders gaan die prentjie dalk skewebek vir jou trek wanneer jy die rame uithaal.

Die gespanne lap moet soos 'n drom klink! Mooi so! Nou weet jy sommer ook hoe word 'n drom gemaak!



Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y

© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za





Die appliek

Neem 'n stuk papier van 10cm x 10c. Vou dit in die helfte. Teken 'n halwe hartjie. Maak seker dat jy 'n lekker vet hartjie teken wat die meeste van die papier volmaak. Sny beide lae versigtig uit met jou papierskêr. Vou die hartjie oop en meet dit op jou styfgespande borduurraam. Kan jy dit in die middel neersit sonder dat die hartjie oorhang of is die hartjie te klein? Probeer weer as jy nie tevrede is nie.

Wanneer jy tevrede is met die grootte van die hartjie, kan jy die papierhartjie patroon gebruik om die velt mee te merk aan die agterkant van die velt met jou potlood. Knip die velthartjie versigtig op die lyn uit met die materiaalshêr. Tradisioneel, word die appliekwerk met spelde vasgesteek, maar ons gebruik deesdae spesiale appliekgom – jy kan skoolgom soos Pritt ook gebruik.

Smeer 'n bietjie gom aan die verkeerde kant van die velt hartjie en plaas dit versigtig op die styfgespande ring. Steek 'n speld in die middel van die hartjie en middel van die lap in die borduurring om dit te plaas en druk vas om dit in posisie te hou.

Wanneer jy sien dat die hartjie stewig vas is, kan jy nou weer die speld uittrek en terugsit in die speldekussing.



Werk die appliek vas

Goed: is jou agtergrondlap is styfgespan oor die borduurraam, die hartjie is met gom vasgeplak en het jy het 'n naald met twee stringetjies borduurgare in met 'n kwiltersknopie aan die einde van die gare?



Quilt Club 4 Youngsters #saqqc4y

© Kopiereg SAQG 2021. Mag gratis afgelaai en versprei word vir onderrig. Mag nie versprei word sonder die SAQG inligting nie.
www.quiltsouthafrica.co.za





Hou jou borduurraam op en kyk na die agterkant van die lap teen die lig. Kan jy die vorm van die hartjie deur die agtergrond lap sien skyn? Meet omtrent $\frac{1}{2}$ cm van die onderste V van die hartjie in. Jy kan hierdie kolletjie merk met jou potlood. Dit is waar jy gaan begin. Steek jou naald van die onderkant af deur en trek die naald met gare versigtig deur aan die bokant totdat jy voel die knopie haak vas. Hou die borduurraam vas met jou linkerhand. Moenie die laaste stukkie hard pluk of trek nie, jy kan die knopie deurtrek wat 'n gat in jou hartjie sal agterlaat. Sagkens.




Verskillende bordursteke kan gebruik word wanneer appliek vasgewerk word. Ons gaan vandag 'n **lopende steek** gebruik. Werk die steke deur die naald van bo af deur te stoot na onder, en dan weer terug na die bokant. Kyk of jy die steke ewe lank en reguit kan hou. Werk so $\frac{1}{2}$ cm van die kant van die randtjie.

Om af te eindig

Ons gaan afeindig met 'n Franse knoop. Dit klink nogal vernaam nê? Vir seker. Hierdie is ook 'n basiese kuns wat jy 'n paar keer kan oefen sodat dit tweede natuur word vir jou. Die doel van die knoop is om seker te maak die gare is goed afgeëindig sodat dit nie uittrek nie. Franse knopies is eintlik bordursteke en word gewoonlik gemaak as 'n versiersteek. As jy na borduurwerk kyk, sal jy klein kolletjies of stippeltjies sien.

Jy het nou al in die rondte van die hartjie vasgewerk met lopende stekies en is terug waar jy begin het aan die onderkantste punt van die hartjie. Maak seker dat die naald en gare aan die onderkant van die borduurraam is. Om af te eindig, gaan ons die Franse Knoop aan die agterkant van die materiaal maak. Hou die naald met jou regterhand vas, naby aan waar dit uit die lap uit kom teen die garedraad, en met jou linkerhand, draai die garedraad 3 maal om die naald.





Moenie die naald weer deur die agtergrondlap steek nie, maar hou die gare daaie weer vas met jou regterduim, eers op die naald, dan as die garedraad deurtrek. Trek die naald versigtig deur om 'n knopie te vorm. Wanneer die knopie gevorm het, kan jy die gare afknip, omtrent 1cm van die knopie af sodat dit 'n stertjie maak.

Jy kan nou versigtig die skroefie van die borduurraam losdraai en jou prentjie uithaal. Genugtig! Kan jy glo dat jy dit self gemaak het? Mooi so.

Ruim op.

Onthou om al jou spelde en naalde te bêre, op die speldekussing of in 'n naaldeboekie. Gebruik die snippermandjie om stukkies papier en gare in op te tel. Laat altyd jou werkspasie so netjies soos jy dit gekry het. Jy kan met reg trots wees op jouself vandag!

Wys en vertel

Jy kan jou ouers vra om jou hartjie te raam sodat jy dit kan ophang teen die muur, of jy kan dit in 'n kaartjie monteer vir Ouma. Vra hulle hulp om 'n foto of twee van jou appliekhartjie te stuur aan die #saqqc4y WhatsApp groep.

Wat leer ons volgende keer?

Hoe om spelde te handteer. Ons gaan 'n pragtige Kersversiering maak met spelde.

Het ek iets gemis?

Hou 'n ogie op die #saqqc4y WhatsApp groep en op die SAQG webblad by <https://www.quiltsouthafrica.co.za/> vir ander projekte.

- Wat het ek nodig om naaldwerk en kwiltwerk te doen?
- Hoe leer jy om gare in 'n naald te steek?

